

## Teksgedeelte:

2 Korintiërs 11:1-15

## Agtergrond:

Hierdie gedeelte volg op Paulus se redenasie in 2 Kor. 10, maar hy sit nie sy kaarte heeltemal op die tafel nie. Paulus verduidelik nie aan die Korintiërs hoekom hy nie persoonlik by hulle wil geld hê nie. Hy is broos.

In die gedeelte is dit duidelik dat daar noise of clutter tussen mense kan wees en dat dit kommunikasie belemmer.

In vers 1 is 'n sarkastiese Paulus aan die woord: '[So]...ek [wil] hê julle moet 'n bietjie dwaasheid van my...verdra! [Inteendeel], verdra my...!' Paulus speel nie 'n speletjie met die Korintiërs nie. Hy ontbloot hom. Ons sien hom hier in sy naakte menswees. Dié Paulus wat gelowiges oor die eeue op 'n voetstuk geplaas het, is ook maar net mens. In vers 2 sê hy dat hy jaloers is op die gemeente met die jaloersheid van God. Paulus stel sy jaloesie gelyk aan God se jaloesie. Net soos wat God verraai voel as sy volk agter die gode aanloop (Hos 11), voel Paulus ook verraai as die gemeente die apostels van Jerusalem bo hom verkies. Paulus verwoord sy strewe vir die gemeente deur 'n beeld: '...julle is soos 'n jongmeisie wat ek aan een man [beloof] het as sy bruid en wat ek [rein] na [Christus] toe wil bring.' Al wat Paulus wil doen, is om die gemeente wat hy gestig te laat besef dat hulle in God se geselskap is. Nié deur hulle toedoen nie! God het dit in en deur Jesus moontlik gemaak. Dit is wat rein hier beteken.

Die apostels uit Jerusalem het die gemeente in Korinte besoek wanneer Paulus nie daar was nie. Dit het Paulus om 'n paar redes omgekrap. Die eerste is dat daar op die Apostelkonvent in Jerusalem ooreengekom was dat die Joodse Christene onder die Jode en Paulus onder die nie-Jode sou werk. Die apostels uit Jerusalem het hierdie ooreenkoms verbreek!

In vers 7 lê Paulus, sonder om self die omvang daarvan te besef, sy vinger op die probleem tussen hom en die Korintiërs: '[Die fout wat ek gemaak het, was dat ek myself verneder het sodat julle verhoog kon word, dat ek die evangelie] ... aan julle verkondig [het as 'n geskenk].'<sup>1</sup> Paulus het nooit vir die Korintiërs verduidelik hoekom hy gekies het om nie vergoeding van hulle te ontvang nie. Hy het nooit vir hulle gesê dat hy nié soos die ander filosowe in die stad deur hulle besit wou word nie. Dan sou hy moes sê wat hulle wou hoor en sou hy nié kon sê so sê die Here nie. Wat Paulus in vers 8 sê, moes vir die Korintiërs 'n dolk deur die hart gewees het: '[Ander gemeentes het ek beroof deur van hulle betaling te neem vir julle bediening].'<sup>1</sup> Hierop kon hulle verslae reageer dat hulle hom wou betaal, maar dit is hý wat nie geld wou hê nie!

## **Aktiwiteit:**

### **Graad 4-6:**

- Speel kat en muis.
- Gee kans vir 2-3 rondtes.

### **Graad 7-9:**

- Verdeel die klas in twee groepe.
- Die onderskeie groepe bou vir mekaar 'n hindernis, met 'n beperkte aantal items, wat die groep binne 2min moet voltooi.
- Bring ekstra hindernisse(balle, tou, emmers, ens.) van die huis af saam wat die kinders kan gebruik om vir mekaar hindernis bane op te stel.
- Elke span stel die reëls vir hulle hindernis op, waaraan die ander span moet voldoen. (Fassiliteerder stel vooraf basiese reëls op vir hindernisbane).
- Die hele aktiwiteit moet nie langer as 10 min. duur nie, so vooraf beplanning is 'n vereiste.

## **Reviewing:**

### **Graad 4-6:**

#### **Diamante:**

- Beskryf wat gebeur het vanuit die kat se oogpunt.
- Beskryf wat gebeur vanuit die muis se oogpunt.
- Wat het vir jou die meeste uitgestaan in die speletjie?

#### **Harte:**

- As jy die speletjie met musiek moes uitbeeld watter instrumente sou gespeel het? **Of** Watter liedjie sou die beste by hierdie speletjie gepas het en hoekom?
- Wie in die groep dink jy het dieselfde gevoelens as jy gehad?
- Noem 3 gevoelens wat jy in die speletjie beleef het.

#### **Skoppens:**

- In die speletjie, wie was reg? Kat of muis?
- Watter gevoelens, wat jy tydens die speletjie beleef het, was dieselfde as wat Paulus beleef het teenoor die Korintiërs in 2 Kor. 11:1-15?
- Watter gevoelens, wat jy tydens die speletjie beleef het, was dieselfde as wat die Korintiërs teenoor Paulus gevoel het?
- Hoe het God teenoor Paulus en teenoor die Korintiërs gevoel?

### Klawers:

- Noem 'n fliëk wat jou laat dink aan Paulus en die Korintiërs? (Dalk District 9, waar mens nie kan onderskei tussen die Good guys en die Bad guys nie – of enige Fliëk waarin die Amerikaners die Heroes is for that matter! 😊)
- Wat kon Paulus gedoen het, wat die situasie tussen hom en die Korintiërs beter sou maak?  
**En/of** Wat kon die Korintiërs doen, om die situasie tussen hulle en Paulus beter te maak?
- Hoe kan die storie tussen Paulus en die Korintiërs jou in die toekoms help?

### Graad 7-9:

#### Diamante:

- Vertel die storie van wat gebeur het deur van 5 hoofopskrifte (soos 'n koerant) gebruik te maak.
- Wat het die grootste invloed op jou gedrag en houding in hierdie speletjie gehad?
- Wat het nie gebeur nie, wat jy gehoop/gedink het sou gebeur?

#### Harte:

- As jy die speletjie met musiek moes uitbeeld watter instrumente sou gespeel het? **Of** Watter liedjie sou die beste by hierdie speletjie gepas het en hoekom?
- Wie in die groep dink jy het dieselfde gevoelens as jy gehad?
- Noem 3 gevoelens wat jy in die speletjie beleef het.
- Hoe't jy oor jou groep gevoel?
- Hoe't dit gevoel om vir 'n ander span 'n strik te stel?

#### Skoppens:

- Watter gevoelens, wat jy tydens die speletjie beleef het, was dieselfde as wat Paulus beleef het teenoor die Korintiërs in 2 Kor. 11:1-15?
- Watter gevoelens, wat jy tydens die speletjie beleef het, was dieselfde as wat die Korintiërs teenoor Paulus gevoel het?
- Hoe het God teenoor Paulus en teenoor die Korintiërs gevoel?

### Klawers:

- Noem 'n fliëk wat jou laat dink aan Paulus en die Korintiërs? (Dalk District 9, waar mens nie kan onderskei tussen die Good guys en die Bad guys nie – of enige Fliëk waarin die Amerikaners die Heroes is for that matter! 😊)
- Wat kon Paulus gedoen het, wat die situasie tussen hom en die Korintiërs beter sou maak?  
**En/of** Wat kon die Korintiërs doen, om die situasie tussen hulle en Paulus beter te maak?
- Hoe kan die storie tussen Paulus en die Korintiërs jou in die toekoms help?